## 29 Februarie — Genesis 8:1-22

### *Lewende beelde (3) - Ararat*

Vyf maande na die vloed kom die ark op die berg Ararat tot rus. Die hele aarde is verwoes. Al wat nog leef is die visse in die water en mens en dier in die ark. Maar soos die water sak begin die plante weer groei. Na nog vyf maande bring die duif 'n olyfblaar na Noag toe. Tog sou dit nog meer as twee maande duur voordat Noag uit die ark kon gaan om 'n nuwe lewe te begin. In die vorige dagstukkie het ons gesien dat die ark beeld is van die kerk van Christus. Die ark het op Ararat gerus. Waarop rus die kerk? Op sy fondament en hoeksteen, Jesus Christus self. Hy is die ware Rots, die berg Sion. Maar vandat Hy op Golgota die fondament van sy kerk gelê het, moet die ou wêreld eers finaal tot niet gemaak word voordat die gelowiges met die wederkoms uit die kerk kan uitgaan in die ewige lewe in waar daar geen tempel meer sal wees nie. So is Ararat beeld van die ware Sion, Jesus Christus.

Sing: Psalm 128:4

Ds. J.A. du Preez (Empangeni)